### *Die Meester en die twee Esseners*

**129** Terwyl die leerlinge, die fariseërs en beide Esseners dit alles met mekaar bespreek en Matthéüs sy opdrag opskryf, roep Ebahl ons aan tafel, en die leerlinge met hul leerlinge word eweneens aan tafel geroep en kom met verhitte gesigte in die eetsaal in.

[2] Daar vra Ek hulle wat hulle in hul kamer so geesdriftig met mekaar bespreek het.

[3] **Beide Esseners** antwoord: "Meester, dit is vir U nie moeilik nie, want wat ons nou met mekaar bespreek het, was vir U Gees al eeue gelede so sigbaar soos die son in die middel van die dag! Maar U kan daar heeltemal van oortuig wees dat ons beslis niks slegs oor U gesê het nie!"

[4] **Ek** sê: "By name was dit wat julle gesê het heeltemal korrek, want dit het julle vlees en bloed julle nie ingegee nie, maar die Gees van Elohim. Maar praat nie verder met ander daaroor nie, want die mense is blind, dom en boos! - Laat ons nou aan tafel gaan!"

[5] Die tafel was goed voorsien. Ons agt skeepsknegte het hul tyd deurgebring met visvangs en tewens vir Ebahl `n aantal van die mooiste en beste visse huistoe gebring, waarvoor hy hulle weer ryklik met wyn en brood voorsien het. Die visse was baie goed voorberei en almal eet hulle met `n gesonde eetlus. Beide Esseners, wat `n goed ontwikkelde smaak gehad het omdat hulle as leerlinge van Aristoteles en Epicurius die kombuis baie belangrik gevind het, kom woorde tekort om die heerlike smaak van die egte vismaal te roem. Ook die hoofman met sy drie onderaanvoerders prys voortdurend die aangename smaak van die visse en eet na hartelus `n paar behoorlik groot stukke, sodat hulle hulself uiteindelik begin afvra of hulle geen las daarvan sou kry nie.

[6] Maar **Ek** sê aan hom: "Wees nie bang nie, beste Julius, want in die teenwoordigheid van `n dokter kan niks met jou gebeur nie!"

[7] Dit beur die brawe Julius weer op, en hierdie uitspraak van My het toe `n spreekwoord geword, en het tot op die tyd waarin dit geskryf was in dokterskringe ingeburger gebly.

[8] Na afloop van die maaltyd, vra **die hoofman**: "Meester, dit is vandag `n pragtige dag! Wat sou U daarvan dink om vanmiddag weer uit te trek?"

[9] **Ek** sê: "Dit wil Ek ook, maar laat ons hierdie keer `n nabygeleë berg bestyg!"

[10] **Die hoofman** sê: "Ja, die berg wat hier digby lê en die mense die naam 'Môrekop', ek meen in die plaaslike taal 'Juitergli', gegee het, is egter ook tewens een van die hoogste en aan alle kante baie steil, `n bykans heeltemal kaal klipkolos! As U dit miskien sou wou klim, dan sal ons die top nie voor die nag bereik nie, en van terugkom sou seker in die verste verte geen sprake kan wees nie! Maar om op die hoogte die nag deur te bring sou niemand van ons aanbeveel nie, want bo tussen die rotssplete skyn daar die hele jaar deur sneeu en ys te lê! Die uitsig moet dit egter buitengewoon die moeite werd maak!"

[11] **Ek** sê: "Vriend, dit alles sal ons nie verhinder om die Môrekop uit te klim nie. Wie die pad ken, kom baie gouer bo as hy wat dit die eerste keer nog moet soek. Laat ons daarom vertrek; binne twee uur is ons almal bo, dit wil sê, diegene wat daarin sin het om saam met ons die berg te klim!"

[12] **Die hoofman** sê: "Meester, op U woord gaan ek graag tot aan die einde van die wêreld, laat staan nog hierdie berg, en as U ons lei hoef mens ook aan geen gevaar te dink nie! Ek verheug my regtig al daaroor! Maar brood en wyn sou ons tog wel kan saamneem, want ek weet egter dat mens by die klim van so `n aansienlike berg buitengewoon honger en dors word!"

[13] **Ek** sê: "O ja, dit beter julle doen! Maar wat doen ons met My allerliefste Jarah? Vir haar sal die berg tog te moeilik wees om te klim!"

[14] **Jarah** sê: "Met U, o Meester, kan niks vir my te moeilik wees nie. Sónder U kan `n mens niks nie en ek die minste van almal! As U dit wil, gaan ek nie slegs met U hierdie berg op nie, maar letterlik met U deur die vuur, soos wat ek met U ook eerste op die water gegaan het!"

[15] **Ek** sê: "Jy weet om My altyd uit jou hart `n ware antwoord te gee, vol van liefde en waarheid. Gaan dus maar met ons saam op die uitstappie, dit sal daarby vir jou nie te moeilik gemaak word nie!" - Niemand was so gou reisvaardig soos ons Jarah nie, wat sê: "Meester, as U dit só goed vind, dan staan ek al klaar om te vertrek!"

### *`n Wonderbaarlike bergklim*

**130** **Die meisie** was gekleed in `n blou, plooiende gewaad. Met ligte sandale aan die voete en die hoof bedek met `n heel kunstige uit strooi gevlegte hoed, gryp sy My hand en sê, omdat Ek op haar eerste vraag nie so baie vinnig `n antwoord gegee het nie: "Maar Meester, My alles, ek smeek U, sê my tog of ek U so geval?"

[2] **Ek** sê: "Dit sien jy tog wel, My liewe Jarah! Jy geval My besonders! O was alle mense maar so aangenaam soos jy, dan sou dit baie goed en na My sin gewees het. Maar daar is in die wêreld so talle duisende en nogmaals soveel duisendmaal duisende wat vir My nie so aangenaam is soos jy nie! Dit is pure wêreldse mense, maar jy is `n engel! Nou is ons egter op pad, want dit is al die derde deel van die dag!"

[3] Na hierdie woorde staan elkeen, behalwe die huispersoneel, op en gaan saam met My op pad. Dit spreek vanself dat die kleine Jarah steeds langs My geloop het, net soos die hoofman en Ebahl.

[4] Toe ons by die bergwand kom, waar in die uitgeholde splete slegs baie nou en uiters steil wande omhoog slinger, sê die hoofman:"Meester, met natuurlike kragte kan `n mens hier nie omhoog

klim nie, want die wande is vreeslik steil en nat en hier en daar dig begroeid met allerlei doringstruike! As daar geen ander weg na bo loop nie, kom ons met ons natuurlike kragte nie in tien dae daarbo nie!"

[5] **Ek** sê: "Is jy dan al so moeg, ons het skaars meer as `n derde van die pad afgelê! Kyk eers na agter, dan sal jy wel oplet hoe hoog ons al is!" - Nou kyk die hoofman om en skrik toe hy merk dat ons onsself al byna by die steilste gedeelte van die berg, tussen enkele rotswande met loodregte hellings, bevind.

[6] Na `n ietwat angstige verbasing, sê **die hoofman** op `n bang opgewonde toon: "Nee, wie wil en kan dit verstaan! Hoe ons almal deur hierdie kloof tot hier gekom het, is vir my `n raaisel! Ons klim wel behoorlik steil, maar ek het nie so baie moeite daarmee nie! Maar nou is daar verder bo ons louter loodregte wande! My vraag is nou: hoe sal ons dan daar bo-op kom?"

[7] **Ek** sê: "Merk jy dan nie, dat ons nie bly staan nie, maar steeds maar altyddeur verder gaan?!"

[8] **Die hoofman** sê: "Ja, dit merk ek wel! Maar as ek vooruit kyk na bo, dan sien ek egter geen enkele moontlikheid om verder te gaan nie!"

[9] **Ek** sê: "Weet jy, daarvoor moet jy `n goeie en ervare gids wees wat die regte pad vind deur alle skynbare hindernisse heen! Kyk, die kloof voor ons is al die toegang tot die hoogste bergtop."

[10] **Die hoofman** sê: "Ja, maar hoe kan dit nou wees? Hoe kon ons teen al hierdie so goed as loodregte, steil wande so gou bokom? Ons is nog nie eers `n uur onderweg nie en nou al so naby die hoogste bergtop dat ons nog maar net `n paar treë hoef te gee om heeltemal bo te kom!"

[11] Die vrolike **Jarah** sê: "Maar Julius, wat vra jy tog terwyl JaHWeH Elohim ons Gids is?! Hy sou ons almal net so goed deur die vrye lug omhoog kon opgetel het, soos langs hierdie wande, waar geen mens nooit ooit sy voete laat sweef het nie! As ons weet dat ons hier van aangesig tot aangesig staan met die Almagtige, dan is elke vraag sinneloos. Ons kan slegs maar wegsmelt van liefde en hoogste agting vir Hom en Hom uit die diepste diepte van ons lewe dank dat Hy ons waardig gevind het vir so `n ongehoorde barmhartigheid. Maar om Hom te vra of Sy almag en wysheid dit kan doen, en hoe Hy dit doen, vind ek nutteloos! En as Hy dit ook aan ons sou vertel het, dan is dit maar ‘n vraag hoeveel ons daarvan sou verstaan, en of ons dan ook almagtig sou word?! O ja, wanneer en vir sover Hy dit wil, kan ons uit onsself ook wonderbare dinge doen, maar sekerlik nooit meer as wat Sy gewyde en almagtige wil dit sal toelaat nie!"

[12] **Ek** sê: "O jou kleine wysneus! Wie sou soveel stralende lig in jou gesoek het!? Ek sê vir jou dat daar op aarde maar baie min is soos jy, maar één ding moet Ek nou ondanks al My groot liefde vir jou sê, en dit is, dat jy in die toekoms baie suiniger moet omgaan met jou suiwere wysheid, en dat jy slegs jou mond dan open as dit werklik nodig is. Hier is dit egter nie nodig nie, omdat Ekself, soos wat jy sien, aanwesig is en ook in staat is om die vraag van elkeen heel passend en indringend te beantwoord!

[13] Kyk, as ons vriend Julius nie so `n besondere wyse man was nie, sou jy hom nou in sy hart pyn aangedoen het. Maar hy is `n wyse man, wat dit met elkeen goed en eerlik bedoel, en daarom het hy genoeë met jou kinderlike wyse lesse. Maar in die vervolg moet jy altyd so beskeie moontlik teen elkeen optree, dan sal jy My egte bruid wees! - Het jy hierdie woorde van My heeltemal duidelik in jou hart verstaan?"

[14] Ietwat bedroef sê **Jarah**: "O ja, Meester, maar ek is nou bang dat U my nie meer so sal liefhê soos voorheen nie, en dit maak my hart treurig!"

[15] **Ek** sê: "Bekommer jou maar oor iets anders! Ek hou nou nog baie meer van jou as vroeër!"

[16] **Jarah** sê: "Maar sal die goeie hoofman vir my kwaad wees!?"

[17] **Die hoofman** sê: "O nee, my egte, hemelse Jarah! Ek is maar slegs baie dankbaar daarvoor dat jy vir my uit jou hemels suiwere hartjie ook `n hemels suiwere waarheid gesê het! O Jarah, ons sal nog baie met mekaar te bespreek hê, want ek merk maar al te goed dat jou reine hartjie vol hemelse wysheid is, en ons bly dan net daarvoor die beste van vriende!"

[18] **Ek** sê: "Nou, My liewe Jarah, is jy nou tevrede met die antwoord?"

[19] **Jarah** sê: "O ja, nou wel. Maar ek sal my van nou af aan baie moet beheers! Want uit my beurt praat is altyd al een van my swakkere kante gewees, maar in die vervolg sal ek dit nie meer doen nie - want U woorde is vir my bo alles gewyd!"

[20] **Ek** sê: "Nou goed dan, dan doen ons die paar treë nog en betree so die hoogste top van die berg!"